

DIE GODDELIKE KOMPLOT

Ons glo in die Goddelike Komplot, want ons glo God voer iets in die mou en ons is deel daarvan. Ons glo die Koninkryk van God is waar dit gebeur wat God wil sien gebeur. Ons glo gebed is om met God te praat oor dit wat ons sáám met Hom doen.

Ons glo God roep ons om SAAM te LEEF en HEEL te WORD.

*Ons kies om ons gebreekte verhoudings voor God neer te sit,
sodat Hy ons weer kan leer wat “mekaar” beteken.*

1 Kor 13 Die Strategie van die Koninkryk

Al sou ek die tale van mense en van ingele praat, maar ek het die liefde galoop geruil vir die haat, dan het ek net 'n raaslike paraffienblik gekom raak. Al was ek so slim dat ek nuwe goeterse kan maak, maar ek het die Jirre se liefde buite in die son gelat lê, dan is ek niks, hoor wat ek vandag vir jou sê. Al gee ek my hele bokke weg, net om te die eer te hê, dan sal hierdie dinge my nou nog niks gepataal het nie, as ek nie die liefde uit die jimmel kan geloop haal het nie. Die regtige liefde die se bek is nooit dik nie, jy sien hom nie skinner en jy hoor hom nie klik nie, hy skrywe die kwaad ok nie in boekietjies op nie. Die liefde maak alles mooi toe met hom se sawwe karos, tale die hou op, voorspellings verdo en woorde raak los, maar die liefde, die sal nou tot by die ewigheid toe net so bly staan. Toet ek nou 'n kind gewas het, toe't ek sos 'n kind gedink, en vandag sien ek troewelte in die garra-waters blink, maar eendag sal ek die Jirre se hele waarlikheid kom weet. En nou is dit die geloof en die hoop en die liefde wat nou bly staan, maar net die liefde sal saam met my na die jirre se hemel toe gaan.

[Griekwa-vertaling, Hans du Plessis]

Verhoudingswaarheid

'n Jong man en vrou sit op die strand. 'n Soel somerbriesie waai deur haar hare. Sy kyk in sy diep blou oë en sê “Is die sonsondergang nie pragtig nie?” Die jong man antwoord “Wel, dis nie heeltemal korrek nie. Jy sien, die son is in 'n relatief statiese posisie ten opsigte van eie aarde. So die son gaan nie onder nie. Nie vanaand nie en geen ander aand nie. As jy dit so wil sê, moet jy eintlik sê dat die aarde opkom.” Die jong man is natuurlik dood-reg, letterlik. Hy maak 'n stelling wat slim is in 'n klaskamer, maar absoluut onsinnig is hier op die strand in die teenwoordigheid van hierdie mens wat liefhet en haarself vir sy liefde oopstel.

- 1 Kor 13 is een van daardie tekste in die Bybel wat ons die “onbekende

oorbekende” kan noem. Ons ken dit, dis vir ons mooi, mens kan dit iewers opplak. Ons ken dit so goed dat ons dink ons verstaan dit en kan dit verduidelik. En dan vergeet ons om dit te beleef en uit te leef. Dan is ons dood-reg oor die liefde en verstaan tog niks daarvan nie.

1 Kor 13 is vir grootmense

- Ons hoor 1 Kor 13 by troues waar romantiese liefde besing word. Terwyl die teks eintlik geskryf is aan ‘n gemeente wat gesukkel het om bymekaar te bly. Dis juis ‘n teks bedoel vir die realiteit van verdeeldheid en stryd. Liefde is moeilik. Liefde is morsig en deurmekaar.
- Liefde is ook altyd ‘n risiko. Jy kan nie dit betree sonder om verander te word nie. Dis belangrik om te vra – wil ek dit regtig hê? Wil ek regtig so ontwrig word? Die alternatief moet egter ook bedink word! Wil ek vir myself lewe en hierdie wêreld los soos ek hom gekry het?
- So liefde is vir grootmense. Paulus sê hy is klaar met die kinderagtigheid. Dis natuurlik nie heeltemal die volle prentjie nie, want ons weet hoe Jesus kinders vorentoe geroep het, vir almal gewys het en gesê het só moet julle wees, en aan hulle behoort die Koninkryk van die Hemel. Maar wat Paulus na verwys as hy sê “noudat ek groot is” is dat hy die natuurlike (en wat ontwikkeling betref nodige) stadium van ‘n 3-jarige ontgroeit het.

Want ‘n 3-jarige leef “myne, myne, myne”.

Eers doen, dan voel

- 1 Kor 13 se liefde is ‘n werk-woord. In vv 4-8 is “liefde” die onderwerp van die werkwoord 16 keer agtermekaar. Liefde is besig. Liefde is aan die werk. Liefde wil tot uitdrukking kom. “Love must act as fire must burn and light must shine.” En dit hou nooit op nie, want God is liefde.
- Gevoel volg die daad van liefde en nie andersom nie. Liefde is om jou hart te leer ken as ‘n uitdyende heelal (“expanding universe”). ‘n Ruimte waarin daar voortdurend meer plek open vir meer mense, stories en ervarings wat jy nooit gedroom het in jou hart gehou sal word nie.

Vir nadenke en kleingroepe

Daar is baie aangepaste weergawes van 1 Kor 13 (sien bv die Griekwa weergawe voorop). Daar is toepassings soos:

- Al sou ek die mooiste huis in die buurt hê en met die duurste BMW ry...
- Al het ek die gawe van woorde sodat ek 'n direksie met my argumente kan swaai, of skare na my preke kan laat stroom...
- Al ken ek die geheimenisse van die Beurs en die Reserwebank, en besit ek al die kennis van rugby- en krieketreëls...

Skryf julle/jou eie weergawe om jou te herinner dat liefde die beste strategie is.